# Les 4 KONINGSKINDERS: ONS IS RUSTIG GOD SE KINDERS

## 1. God is rustig God

Die belangrike woord vir vandag is die woord "rustig". Om rustig te wees, beteken dat jy jou nie laat pla, bekommerd laat maak, of gestres laat wees nie.

| God is rustig God |
|---|

Die Bybel wys ons God is rustig besig om God te wees. Kyk hoe staan dit en Genesis 2*:*

*"Die hemel en alles daarin is voltooi en ook die aarde en alles daarop. "[2] Op die sewende dag was God reeds klaar met die skeppingswerk en het Hy gerus na al die werk wat Hy gedoen het. [3] Hy het die sewende dag as gereelde rusdag geheilig, want op daardie dag het Hy gerus na al die skeppingswerk wat Hy gedoen het."*

God het alles gemaak. Hy het die aarde en al die ander planete gemaak. Hy het al die diere gemaak: olifante en muise, krokodille en akkedisse, arende en mossies, likkewane en paddas! Hy het al die plante gemaak – al die bome, blomme en gras.

Alles wat ons van weet en ook wat ons nog gaan ontdek, waarvan ons nie nou al weet nie, het God alles gemaak.

Wat het God gedoen nadat Hy alles gemaak het? Die Bybel sê God het "gerus" nadat Hy alles gemaak het.

Hoe rus God? Dink julle God was uitasem en seerlyf-moeg na alles wat Hy gemaak het? Dit kan nie wees nie! God kan nooit moeg word nie. Hy is Almagtig! Almagtig beteken dat God al die mag het om altyd God te wees en nooit moeg te word nie.

Rus beteken dat nadat God alles gemaak het, Hy nou rustig besig is om God te wees vir alles wat Hy gemaak het. Rus beteken niks kan God ooit pla of bekommerd maak nie. Niks wat gebeur: storms, vloede, droogte, siektes of peste kan God moeilikheid gee of laat stres nie. Niks kan maak dat God probleme het wat vir Hom te groot is nie. Niks kan gebeur wat maak dat God nie weet wat om te doen nie.

| God stres nooit nie! |
|---|

God is Almagtig en Alwetend. Hy wéét wat om te doen en Hy kán dit doen! Dit is wat dit beteken om rustig te wees! Daarom is God elke dag besig om rustig God te wees. Hy weet wat om te doen en Hy kan, en gáán, dit doen!

Mense kan God ook nie moeilikheid gee nie. God “rus”, beteken dat niemand Hom moeilikheid kan gee nie. Niemand kan Sy planne deurmekaarkrap of keer wat Hy doen nie. Hy weet van alles waarmee mense besig is, nog voor hulle self daaraan kan dink. God laat Sy planne nie verander of keer deur wat mense dink en doen nie.

Omdat niks vir God ’n probleem kan wees nie – is Hy rustig besig om God te wees. Hy stres nie om God te wees nie.

**2. God se kinders is rustig Sy kinders**

As God rustig besig is om God te wees, hoe dink julle gaan God se kinders wees? Gaan ons God se gestresde kinders wees? Die Bybel sê hulle gaan rustig God se kinders wees! Kyk hoe staan dit in Hebreërs 4: *“[3] Ons wat glo, gaan wel in die rus in,…”*

Ons gaan in God se rus in. Dit beteken dat ons glo – ons glo dat Hy nie stres om ons Vader en Here te wees nie. God weet hoe om vir ons te sorg. Hy kán en gáán vir ons sorg! Hy gaan rustig vir ons sorg net soos Hy vir alles in die hele wêreld sorg!

God gaan vir ons sorg, al doen ons baie dinge nie reg nie. Dink julle God stres as ons ongehoorsaam is en nie doen wat die Here vir ons sê om te doen nie? Dink julle God gaan só gestres wees as ons iets verkeerds doen, dat Hy op ons gaan skree en tekere gaan omdat Hy gestres is en nie weet hoe om God te wees vir Sy kinders wat ongehoorsaam is nie?

Kyk hoe rustig is God ons Vader, al doen ons nie altyd wat Hy sê nie:

*“[21] En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, [22] laat ons tot God nader met ’n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van ’n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water.”* (Hebreërs 10)

Die woord “priester” beteken dieselfde as “Hy is die lam wat vir ons geslag is”. Kan julle onthou wat beteken dit dat die Here vir ons die lam is wat geslag is? Mááḱ Hy ons seer, of kry Hy vír ons seer? Hy kry vír ons seer en Hy vat ons ongehoorsaamheid weg, sodat dit ons nie meer pla nie.

As ons na die Here toe gaan, het Hy al klaar gesorg dat ons “met ’n opregte hart en volle geloofsekerheid” na Hom toe kan gaan. Hy weet hoe om rustig God te wees en te sorg. Hy weet hoe om vir Sy kinders, wat sukkel om gehoorsaam te wees, te help en lief te wees.

God stres nie as ons sonde doen nie. Hy bly lief vir ons en sorg nog steeds dat ons Hom kan liefhê!

Daarom kan ons rustig God se kinders wees. Ons hoef nooit te stres omdat Hy nie weet hoe om God te wees vir Sy kinders nie. God stres nie oor Sy kinders wat sukkel om te doen wat Hy sê nie. God sorg dat Hy hulle help. Om rustig God se kinders te wees, beteken ons het volle geloofsekerheid – God stres niks nie. Ons het volle geloofsekerheid dat God rustig vir ons sal lief wees en lief bly – al sukkel ons ook om te doen wat Hy sê!

Ons gaan God se rus in omdat ons glo Hy stres nie om ons Vader en Here te wees nie, al doen ons ook baiekeer verkeerde dinge: God is rustig ons Here – daarom is ons rustig God se kinders.

**3. Ongelowiges stres omdat hulle net so slim en sterk soos God probeer wees**

Mense wat net so sterk en slim soos God wil wees – stres! Hulle gaan nie in God se rus in nie. Kyk hoe wys die Bybel dit:

*“10 Daarom het Ek ’n afkeer van hierdie geslag gekry en gesê: ‘Met hulle hart is hulle gedurig op ’n dwaalspoor, hulle wou my paaie nie leer ken nie.’ 11 Toe het Ek in my toorn ’n eed afgelê: In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie”*. (Hebreërs 3)

Wie is almagtig? Wie kan altyd alles doen wat Hy wil sonder om te sukkel? Dit is net God! Wie is Alwetend? Wie weet altyd alles en weet altyd hoe om alles te doen wat Hy moet? Dit is net God! Daarom rus God – net Hý stres niks om God te wees nie.

Die dwaalspoor waarvan hierdie vers praat, is mense wat dink hulle kan net so slim en sterk soos God wees. Mense wat só glo, is op ’n dwaalspoor. Dit is nie die regte pad nie. Dit is die verkeerde pad wat lýk soos die regte pad. Hulle wil nie hoor en leer dat hulle kinders van God is nie. Van die regte pad wil hulle niks hoor nie. Hulle wil net soos God wees. Hulle wil nie Sy kinders wees nie. Wat dink julle gaan met mense gebeur as hulle probeer om net so slim en sterk soos God te wees?

Gaan hulle net so rustig soos God wees, of gaan hulle baie gestres wees om soos God te probeer wees? Die Here sê: *“In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie.”* Hulle gaan baie, baie gestres wees om net so slim en sterk soos God te probeer wees.

Maar nog erger, hulle gaan ook nie rustig kinders van God kan wees soos ons nie. Hulle sal nooit glo dat God alleen rustig God is nie. Hulle sal nooit glo dat

God niks stres om hulle Vader en Here te wees nie. Omdat hulle so sterk en slim soos God probeer wees – sal hulle nooit rustig God se kinders kan wees nie.

**4. Ons is rustig die welpies van die Leeu**
Welpies is altyd rustig en niks gestres nie. Kyk maar as leeus so in die veld rondlê of lui ronddrentel! Die groot maanhaarleeu skrik of stres vir niks nie. Hy weet hoe, en hy kan met al sy krag die koning van die veld wees. Welpies weet hulle pa stres niks nie en sien hoe rustig sorg hy vir hulle, en hoe rustig het hy hulle lief. Hy sorg vir hulle en het hulle lief met die volle krag van ’n groot maanhaarleeu.

Dit maak hulle so rustig. Hulle gaan in sy rus in. Hulle word nie so slim en sterk soos hy nie. Hulle glo in sy krag en sy kennis om rustig hulle pa te wees. Hulle glo in sy krag waarmee hy hulle rustig versorg en liefhet.

Dit is wat hulle hoor in daardie stem wat net welpies kan hoor: hulle hoor nooit stres in daardie leeupraat nie. Hulle hoor nooit hoe moeilik is dit vir die leeu om vir hulle te sorg of hulle lief te hê nie. Hulle hoor nooit hoe bekommerd die leeu is om hulle te kan beskerm of te versorg nie. Hy is rustig hulle pa en hulle is rustig sy welpies.

Daarom sit hulle so stil of lê hulle so rustig rond – hulle hoor daardie rustige leeustem wat niks stres in het nie, en wat vir hulle sê hulle is koningskinders. Die koning sorg rustig, sonder stres, vir hulle en het hulle lief.

En die ander diere? Die ander diere wil nie welpies wees nie. Hulle wil liewer so groot en sterk soos leeus wees. Dit is hoe hulle die leeubrul hoor. Hulle hoor in die leeu se brul hoe sterk en magtig hy is – en dan wil hulle ook net so sterk en magtig wees soos ’n leeu.

Dit maak dat hulle baie snaaks optree.

**Hulle hou vertoongevegte**
ʼn Vertoongeveg is wanneer die groot bokke van die veld, die buffels, koedoes en elande, sommer so staan en koppe stamp en horings klap teen mekaar. Dit is gevegte waarin hulle probeer wys hoe groot en sterk en slim is hulle – net soos die leeu wie se stem hulle hoor. Hierdie leeubrul maak nie dat hulle welpies wil wees nie. Hierdie leeubrul maak dat hulle begeer om ook in en met leeukrag te leef. Wanneer hulle hul self met hierdie vertoongevegte besighou, verbeel hulle hulleself dat hulle ook hierdie leeukrag het.

**Hulle maak bokspringe**
’n Ander snaaksigheid wat hierdie groot bokke doen, is om te begin bokspring en rond te dans. Springbokke doen dit. Hulle hardloop en spring so in die lug. Ander bokke spring so rond en bont deurmekaar – om te wys hoe min bang is hulle en hoe gemaak bly en vrolik is hulle as hulle die leeubrul hoor.

**Hulle hou ’n stormloop**
Nog ’n snaaksigheid is ’n stormloop. Dit is wanneer die bokke die leeubrul hoor en dan begin hulle almal gelyk hardloop in ’n rigting, terwyl hulle bulk en blaas en raas. Hulle doen dit om te wys hoe sterk en baie hulle is. Met hulle stormloop probeer hulle wys dat hulle groter en slimmer en magtiger as ’n leeu is.

| |
|---|
| Dis stres wat hulle so tekere laat gaan, nie hulle leeukrag nie |

Maar ons weet beter! Is die bokke se vertoongevegte, bokspringe en ronddanse, stormlope en geraas omdat hulle regtig slimmer, groter en magtiger is as leeus – of omdat hulle gestres is? Hulle is nie rustig nie – hulle is gestres! Daarom gaan hulle so snaaks tekere!

Het julle al ooit gehoor van welpies was bokspring, stormloop of vertoongevegte hou om te wys hulle is so groot en sterk soos hulle pa? Nee, hulle is rustig welpies! Bokke stres!

**5. Ons hou rustig kerk**
Hoe hou koningskinders kerk? Ons hou rustig kerk want ons het volle geloofsekerheid dat God nie oor ons gestres is nie. Ons is rustig bymekaar om te luister na die Woord van die Here. In hierdie Woord hoor ons dat God nooit gestres is om ons Vader en Here te wees nie. Ons hoor rustig dat dit vir Hom nie moeilik is om vir ons te sorg en ons lief te hê nie. Daarom sit en luister ons rustig na daardie Woord van God wat net kinders van God kan hoor.

Hoe hou mense kerk wat nie volle geloofsekerheid het nie?

Hulle hou baie anders kerk as koningskinders! Hulle hou kerk om te wys dat hulle deel is van die krag en mag van God, nes daardie bokke wys hulle is so sterk soos leeus.

**Vertoongevegte**
In kerke sonder die rus van geloofsekerheid, hou hulle ook vertoongevegte. Hulle luister nie rustig na die Woord van die Here, die Bybel nie. Hulle kry ooms, tannies en kinders wat voor in die kerk gaan staan en stories vertel oor hulle eie lewe. Hulle vertel stories van hoe swak en sleg hulle eers was, maar hoe sterk en gehoorsaam hulle nou is. Dit is ’n kragvertoning nes daardie bokke wat koppe stamp en horings klap.

**Bokspring en ronddans**
In kerke sonder die rus van geloofsekerheid kan mense nie rustig na God se Woord luister nie. Hulle dans voor God in die kerk rond. Hulle swaai hulle hande voor God in die lug rond. Hulle val voor God op die grond neer. Hulle staan

sommer so voor God en begin skielik raas en praat terwyl mense uit die Bybel lees of na die Bybel probeer luister. Al hierdie gespring en lawaai is om te wys dat God se krag binne-in hulle is. Hulle glo hulle is deel van die groot krag van God.

**Stormloop**

In kerke sonder die rus van geloofsekerheid hou mense ook stormlope. Op ’n dag begin hulle onrustig word en dan storm almal in ’n trop na groot pawiljoene toe. Dan leef hulle weer so bietjie gewoonweg, en dan storm hulle skielik almal weer na groot teaters of pawiljoene toe. Hierdie stormlope gee hulle die gevoel van mag en krag. Hulle dink hulle ervaar God se krag as hulle dit doen. Hulle kan nooit net rustig kerk toe gaan en rustig na die Woord van God luister nie.

Wat weet ons – hoekom doen hulle hierdie dinge: vertoongevegte met stories, bok- en rondspring in die kerk, en stormlope na pawiljoene toe? Want hulle is gestres! Hulle stres omdat hulle God se krag en kennis wil ervaar! Hulle stres omdat hulle God se krag binne-in hulle wil belewe! Hulle stres omdat hulle net so bly, so slim, so sterk, so goed en so magtig soos God wil wees. Hulle wil nie rustige welpies wees nie. Hulle wil self die leeu wees.

**6. Welpies hoef nie gestres te wees nie**

Moet welpies gestres wees oor die leeu? Nooit nie! Hulle is altyd rustig welpies. Ons is koningskinders. Ons kan nooit gestres kerkhou nie. Ons is altyd rustig by en saam met God in die kerk. Want Hy stres nie om ons Here en Vader te wees nie.

Ons geloof dat God nie gestres word deur ons moeilikhede en ons sondes nie – maak ons rustige kinders van God. Ons luister rustig na Sy Woord van liefde en sorg.

Ons kan nooit soos ongelowiges voor God gestres tekere gaan nie. Ons kan nooit uit kerke na pawiljoene toe storm nie. Ons leef en luister rustig na God.

**7. Opdrag**

Gaan vertel bietjie vir julle ouers of enige grootmens – dat God nie stres om vir ons te sorg en lief te wees nie. Daarom is ons rustig God se kinders. En dan vertel julle vir hulle wat doen bokke as hulle stres omdat hulle soos die leeu probeer wees.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

Handtekening: ouer of voog